

Boekbespreking

Pama, C.: „Die Wapens van die ou Afrikaanse Families”, pp. 194, A. A. Balkema, 1959, £4/4/-.

DIE skrywer van hierdie boek is 'n deskundige wat die heraldiek betref. Op hierdie gebied het hy oorsee al baie boeke uitgegee en ook in Suid-Afrika het daar in betreklik korte tyd 'n hele aantal publikasies van sy hand verskyn. Hierdie boek is daarvan egter verreweg die mees omvattende.

In 'n uitvoerige inleiding word verduidelik hoe die heraldiek in Wes-Europa in die middeleeuse riddertyd sy oorsprong gevind het. Namate die stede en die burgers opgekom het, het ook seëls wat die wapens van daardie burgers uitgebeeld het in belangrikheid toegeneem en 'n groot rol in die daaglikse lewe gaan speel.

Die Afrikaanse heraldiek vertoon alle eienskappe van die in die ou Moederland; alle beginsels daarvan is net so hierheen oorgebring. Die amptenare van die V.O.K. wat blykbaar baie heraldiek bewus was, het 'n belangrike aandeel in hierdie oorplanting gehad. So sien ons dat die Suid-Afrikaanse heraldiek net soos die Nederlandse 'n tipiese burgerlike grondslag het. Hierteenoor staan die Engelse wapens wat merendels uitgesproke aristokraties is. Die skrywer beskou dit as die belangrikste oorsaak daarvan dat die Kaapse wapens vanaf die 19e eeu so geminag is: met hulle burgerlike inslag het hulle nie by die Britse sisteem ingepas nie.

Die skrywer het verder 'n uitvoerige studie van die Afrikaanse heraldiese bronne gemaak. In die eerste plek is daar die versameling van Charles Bell, skilder en grafikus, wat ook baie belangstelling vir heraldiek gehad het en nou omtrent honderd jaar gelede 'n uitvoerige versameling van gewens oor die Afrikaanse familiewapens opgestel het. Sy swaer Daniël Krynaau het later verdere inligtings hieraan toegevoeg. Hierdie versameling berus nou in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad.

Verdere bronne waarvan gebruik gemaak is, is versamelinge seëls en lakafdrukke in die Kaapse Argief en in die Koopmans-De Wet-Huis. Daar is ook die bekende rouborde in die Grootte Kerk in Kaapstad. Nie minder belangrik is ou Kaapse voorwerpe soos grafstene, houtvoorwerpe en erdewerk nie. Al hierdie gewens is grondig verwerk en met bronne van oorsee vergelyk. Ten slotte is hieraan nog 'n aantal wapens wat later deur families aangeneem is toegevoeg.

Ons het gewoonde geraak aan die smaakvolle manier waarop die firma Balkema sy boeke in die algemeen uitgee. Veral op die Africana-reeks waarvan hierdie boek 'n deel vorm is dit van toepassing. Daar is oor die 600 duidelike foto's en afbeeldings van die kompleete oorspronklike Bell-tekeninge, die rouborde, 'n aantal dokumente met wapens, foto's in die Elliott-versameling en van allerlei voorwerpe wat wapens vertoon. Meer as 900 aantekeninge gee uitvoerige toeligting by die teks.

Twee dinge is opvallend. Blykbaar kon die meeste ou Afrikaanse families op heraldiese kentekene prat gaan. Die skrywer is hiervan terdeë bewus en hy wys daarop dat die meeste van hierdie wapens aangeneem is omdat ons voorvaders onder die Romeins-Hollandse reg volkome geregtig was om dit te doen en niemand hulle dit kon belet nie. Tweedens is dit egter merkwaardig hoeveel van die Kaapse familie-wapens in vergelyking met oorsee 'n meer ingewikkelde vorm het.

Die boek is nie net baanbrekend nie, maar dit kan in alle opsigte as 'n standaardwerk beskou word. Vir 'n lang tyd sal dit die belangrikste verwysingsbron op hierdie gebied bly en dit is twyfelagtig of daar na verloop van tyd nog baie nuwe vondste aan toegevoeg sal kan word. Nie net vir die heraldiese deskundiges nie, maar ook vir baie historici en belangstellendes sal hierdie boek 'n onmisbare besit wees. N.

Fontein, 'n driemaandelikse tydskrif vir kuns in Suidelike Afrika, Sable Uitgewers, £2/2/- per jaar.

DIE eerste nummer van hierdie tydskrif wat onlangs verskyn het, is 'n veelbelowende begin. Die inhoud is aantreklik en vol afwisseling: 'n algemene kunsbeskouing, kuns in die moderne boukuns, die rol van die dier as onderwerp in die kuns, abstrakte rigtings in ons skilderkuns, bouwerke in Noordoos-Kaapland, Agtiende eeuse Kaapse meubels en bespreking van 'n aantal hedendaagse kunstenaars in Suid-Afrika, is net 'n greep uit wat hierdie nummer aanbied. Ook is daar met 'n artikel oor 'n sewetal prente uit die Johannesburgse Kunstgalerie 'n begin gemaak met die beskrywing en wyere bekendmaking van Suid-Afrikaanse museum-kunsbesit, wat so bitter nodig is.

Dit is nie 'n tydskrif vir kunsgeskiedenis in Suidelike Afrika nie. Die doel lê duidelik meer in die rigting van die kunskritiek, iets waaraan daar vir 'n lange tyd al 'n skrynende behoefte bestaan. Aan kunstenaars sal blykbaar ook die geleentheid gegee word om self aan die woord te kom en hul mening te uiter.

Vir 'n begin is die opset van die tydskrif baie breed. Indien dit in sy doelstelling kan slaag sal daar op kunsgebied in ons land 'n ernstige leemte gevul kan word. Die redaksie sal egter voortdurend op sy hoede moet wees om dieselfde oorsigtelike en ruime blik waarvan hierdie eerste nummer blyk gee te bly behou en daarteen moet waak om nie in die een of andere uitgesproke rigting gedryf te word nie.

Die eerste aflewering lyk besonder netjies en aantreklik en is op goeie papier gedruk. Die illustrasies is helder en duidelik en daar is baie aandag aan die groot aantal kleure-reproduksies bestee. Hulle kan nie anders as 'n sukses genoem word nie.

Een enkele opmerking. Van die twaalf artikels is slegs drie in Afrikaans geskryf terwyl van die vyf-en-veertig advertensies net een tweetalig is. Hier lê vir die Afrikaanssprekende kunskenner nog 'n groot taak voor.

Ons wil die redaksie van „Fontein” baie hartlik geluk wens met hierdie eersteling en ons hoop saam met hulle dat daar vir hierdie tydskrif 'n veelbelowende toekoms sal wees. N.

Van Alphen, dr. G.: Jan Reeps en zijn onbekende koloniasiepoging in Zuid-Amerika. 1692". Assen, 1960. Nr. 59 van „Van Gorcum's Historische Bibliotheek". Uitgegeef met steun van die Nederlandse Organisasie vir Suiwer Wetenskaplike Onderzoek, 103 bl. Met 1 afb. Prys ongeveer 17/- (harde omslag).

IN die jaar 1654 het die Portugese daarin geslaag om die laaste Nederlandse bolwerk in Brasilië, Recife, te verower. Die Portugese het egter slegs 'n deel van die land daadwerklik beset. Dit was een van die redes waarom die oud-onderkoopman Jan Reeps, wat vroeër in diens van die Oos-Indiese Kompanjie was, op die gedagte gekom het om oktrooi vir die stigting van 'n kolonie in die gebied tussen die Amasonerivier en Kaap Oranje te probeer verkry.

Sy poging het geslaag en hoewel die Wes-Indiese Kompanjie sekere regte voorbehou het, is aan Reeps vryheid verleen om sy planne uit te voer.

Met sy skip „d'Amasone" het hy na Suid-Amerika vertrek maar daar het die skip onder die kus lekgeslaan en moes dit ontruim word. Na baie wederwaardighede, o.a. ontmoetings met Rooihuide en Portugese, het Reeps in 1694 onverrigtersake na Nederland teruggekeer.

Die beskrywing van Reeps het in 1899 in die vorm van 'n handskrif in besit van die „Koninklijke Bibliotheek" in Den Haag gekom.

Prof. Van Alphen het allereers die outeurskap van hierdie dokument vasgestel en vervolgens die teks in hedendaagse Nederlands verwerk.

Belangrik is o.i. die feit dat die genoemde W.I.K. en die State-Generaal bereid was om regte te verleen aan Reeps om tot vestiging oor te gaan binne die monopolie-gebied.

Verder o.m. Reeps se beskrywing oor Brasilië, die verhouding tussen die nuwe heersers en die Rooihuide, die menings wat in Brasilië ten opsigte van die voormalige Nederlandse besitters bestaan het en die sydelingse mededelings met betrekking tot Samuel Fritz se verkenningstreis van die Amasonerivier en die moontlikheid om uit die Amasonerivier deur die Rio Negro in die Orinokorivier te kan kom. In die Rio Negrogebied het die Nederlanders ook handel gedryf.

Reeps vertel ons verder van die laat-sewentiende eeuse Suriname met sy plantasies. Ten slotte wys die skrywer daarop dat die gebied, wat Reeps vir sy koloniasieplanne wou gebruik, in 1900 in 'n geskil tussen Frankryk en Brasilië aan Ig. toegewys is. Onder die dokumente wat in dié verband vir bewysvoering gebruik is, kom die beskrywing van Reeps nie voor nie. Reeps se geskrif kon, in verband met die uiteindelijke uitspraak, tot die gevolgtrekking gevoer het dat die betwiste gebied aan die einde van die sewentiende eeu nie daadwerklik deur die Portugese beset was nie.

Prof. dr. Van Alphen het daarin geslaag om 'n nuwe bydrae te lewer in verband met die geskiedenis van Nederlandse koloniasiepogings en die geskiedenis van die W.I.K. Ons is die skrywer ook dankbaar dat hy besonderhede verstrek het in verband met die reis van die gehawende skip „Europa" van Java na die Kaap en die verblyf van die opvarendes, waaronder Reeps, aan die suidpunt van ons land.

J. P.

Schiffers, H.: Afrika als avontuur, pp. 491, J. van Tuyl, Zaltbommel-Antwerpen.

IN hierdie werk, 'n Nederlandse vertaling van die boek „*Wilder Erdteil Afrika*” is 'n poging, wat in baie opsigte as uiters geslaag beskou kan word, aangewend om die ontdekkingsgeskiedenis van ons wêrelddeel op stelselmatige wyse te ontvou. Die skrywer begin met die „invalspoorte” (die Nylgebied, die kuste en die suide); daarna kom die verkenning van Midde-Afrika aan die beurt. 'n Hoofstuk word ook aan die opkoms van die moderne Suid-Afrika gewy. Die laaste hoofstuk (viii) bevat vlugtige indrukke ten opsigte van die hedendaagse Afrika.

'n Lewendige verteltrant en 'n doeltreffende beperking ten opsigte van die weergawe van reisbeskrywings verseker die belangstellende leser van aangename en kennisverrykende ure.

Die uitgebreide literatuurlys is nog 'n bewys van die deeglikheid waarmee die skrywer sy taak aangepak en uitgevoer het. Tog bevat die lys tekortkomings ten opsigte van ons vaderlandse geskiedenis. Veral wat die Groot Trek betref, is dit jammer dat hierdie uitstekende skrywer, vermoedelik as gevolg van taalmoeilikhede, nie van gesaghebbende werke in ons taal gebruik gemaak het nie.

'n Skets in verband met Trichardt se trek en lyding sou o.i. uitstekend binne die raamwerk van hierdie boek gepas het. In verband met die Boere sê die skrywer o.m.: „Over de Boeren praten, betekent niet het hartstochtelijk partijkiezen weer wakker roepen, waarmee onze vaders hun strijd tegen de Engelsen volgden; het betekent ook geen antwoord op de vraag of zij ‚goed’ of ‚slecht’ geweest zijn, en of zij nu wel of dat zij niet in staat geweest zijn ‚de eisen van hun tijd’ te begrijpen. Het betekent alleen dat wij gaan spreken over mensen van een heel apart, op Afrikaansche bodem gevormd blank ‚ras’, dat tussen de kleurlingen en de later uit Europa gekomen blanke kolonisten, handelaars en beambten in stond” (bl. 155).

Die benamings „Oom Kruger” (bl. 277) en „Dingaansdag” (bl. 163) en die foutiewe spelling „veldt” (bl. 149) is vir die Afrikaanse leser steurend.

Die skrywer voer die leser deur tot die hede as hy na aanleiding van die oorwinning by Bloedrivier verklaar: „Ook hier in Zuid-Afrika is het dus niet zo geweest — zoals nog in onze dagen wel beweerd wordt door mensen die de klok hebben horen luiden maar niet weten waar de klepel hangt — dat alleen de blanken altijd en overal de ‚booswichten’ zijn geweest” (bl. 163).

Aan die slot van hierdie kort beskouing kan slegs die wens uitgespreek word dat belangstellendes in Europa hierdie werk ter hand neem en bestudeer.

Deur kennis te neem van die verlede van ons wêrelddeel sal hulle beter daarin kan slaag om die dikwels verwarring skeppende hede op 'n meer gebalanseerde wyse te kan vertolk.

'n Groot deel van die afbeeldings is uit ouer werke oor Afrika oorgeneem. Op dié wyse word 'n sekere atmosfeer geskep. Vir studente en onderwysers wat met die nuwe leerplan vir geskiedenis in Transvaalse hoërskole te doen het, is „Afrika als avontuur” 'n waardevolle gids. JAN PLOEGER.